Met 'n diepe verlange.
Catherine Willemse. Kaapstad: Human & Rousseau. 2006. 128 pp. ISBN: 0-7981-4632-X.

Met 'n diepe verlange is Catherine Willemse se outobiografiese vertelling wat sy geskryf het om, soos sy dit stel, "vir my en my man Stephen se nageslag 'n bietjie meer sekerheid oor hulle afkoms te gee".

Die vertelling val in drie dele uiteen. Die eerste deel beantwoord aan die outeur se voorneme deurdat sy haar voorgeslagte naspeur tot die vrygestelde slawe wat hulle deur die barmhartigheid van die sendeling Barnabas Shaw op die nedersetting Raithby digby Somerset-Wes gevestig het. In hierdie deel word hul name, lotgevalle en leefwyse opgeskryf en hulle sodoende in die geskiedenis ingeskryf. Hierin word 'n beeld geskets van die Boland waarin mense van verskillende kleur- en rasagtergronde vermeng het. 'n Mooi verhaal is dié van Ouma Rosa waaroor mens nog lank bly wonder. Daar word ook onomwonde gewys op die onregverdige praktyke, o.a. die verlies van hul grond, wat as gevolg van kleurbevoorregting aan die orde was. Die leser kry voorts 'n beeld van 'n vroeë agrariese leefwyse waarin mense met harde werk en trots 'n selfonderhoudende bestaan uit moeilike omstandighede kon vorm. Die nostalgiese kyk op verdwene gebruike en tradisies word gebalanseer met vertellings wat die mooi en lelike kant van dié mense belig.

In deel twee vertel die outeur van haar roeping as sendeling van die Afrika Evangeliese Bond. Sy wys op die ongewoonheid van hierdie stap in 'n tyd dat vroue so gou moontlik 'n eggenoot moes vind om vir hulle te sorg en jongmeisies van haar ouderdom se algemene beroepskanse gestrek het tot huisdiens vir ander. In haar vertelling van haar omswerwinge om die Christelike boodskap tot so ver as die onherbergsame dele van die Noord-Kaap te bring, word mens geraak deur die diepe geloofsoortuiging en selfopheffing van haar en haar medesendelinge. Hierdie deel gee ook 'n blik op die armoede en sosiale verval wat in die veertigerjare van die vorige eeu wyd voorgekom het in (meesal bruin) plattelandse gemeenskappe.

Deel drie bevat anekdotes van haar huwelik en kinders. In hierdie klein geskiedenisse is daar, soos in die res van die boek, 'n besinning wat die vertelling verby die persoonlike neem en in die eenvoud daarvan 'n wyse, beskoulike inslag laat blyk. Sy vertel op gelate toon hoe die politieke oproer van die sewentig- en tagtigerjare haar gesin geraak het en bring mens onder die indruk van die broosheid van lewe in daardie turbulente tye. Daarmee weerlê sy die opvatting dat die ervaring van vroue essensieel 'n eiesinnige, private belewing is; iets wat sy regdeur die boek doen deur haar ervaring te situeer in die gebeure binne haar gemeenskap. Die omwentelinge op makro sosio-politieke terrein word selde betrek. Dit strook met haar verklaarde afsydigheid teenoor die politiek wat, teenstrydigheid aan haar Christelike beginsels, meer verdelend te werk sou gaan.

Die nawoord deur die outeur se seun, Hein Willemse, gee verdere inligting oor die ontstaan van die boek. Dit is 'n heruitgawe van 'n teks wat vroeër in beperkte oplaag, vir 'n klein kring van familie en vriende, by die uitgewery Astrec verskyn het en nou aan 'n wyer leserspubliek beskikbaar gestel word. Hein Willemse bring hulde aan 'n merkwaardige figuur en dui 'n aantal leimotiewe in die teks aan wat die outeur in haar uniekheid, maar ook as verteenwoordigend van 'n geslag en 'n era kenmerk. Hy situeer die memorie, soos dit aanvanklik getipeer is deur die outeur, binne die genre van die outobiografie en voer aan dat die skryf daarvan, gesien die yl aanbod van outobiografieë in Afrikaans deur vroue, "'n besitname van 'n geskiedenis soos die verteller dit 'ervaar' het […] 'n bemagtigingsdaad" is.

In sy onlangs verskene *Nog altyd hier gewees: Die storie van ′n Stellenbosse gemeenskap* (2007) dui Hermann Giliomee op die klein hoeveelheid nie-fiksie werke wat die storie van bruin Afrikaanse gemeenskappe boekstaaf. *Met ′n diepe verlange* is ′n boeiende vertelling wat ′n persoonlike perspektief gee op vormingstye in so ′n gemeenskap en ′n belangrike aanvulling tot die werk wat onder meer R. E. van der Ross in *Up from Slavery* (2005) en in sy ander werke gedoen het.

Steward van Wyk
Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville